# SKERP KLOUE VAN BLOED

’n Stuk vir die tyd waarin ons leef –
of is dit alle tye

“He who toucheth a hair on the head of his neighbour
has not been taught different”
- Janesk Roffminski

Twee tonele speel hulle tegelykertyd af.  ŉ Hofsaak vind plaas, met om die beurt die hoofgetuie, en die beskuldigde in die bank.  Terselfdertyd is ŉ kenner oor kindermishandeling ook aan die woord, en in debat met ŉ vrywilliger.  Uit lg. twee se gesprek, vloei rolspeling deur die twee soms voort. Liedjies word gesing – soms in karakter. Die liedjies kan in totaal gesny word, of gerap word. Die rap moet behou word.

Drie kateders is sigbaar.  Maar dis een tafeltjie en twee stoele wat op hul sye staan – nie baie hoog nie. As hul regop gedraai word, is hulle tafeltjie en twee stoele.

ŉ Pop hang aan ŉ kapstok, langs die boonste kateder.  Aan die kapstok hang ook die kostuums.  As die akteurs kostumeer, is hul semi-sigbaar. Sou die regisseur nie die akteurs wou laat doebleer nie, kan ŉ span akteurs die afsonderlike rolle speel.

**TONEEL 1**

ŉ Vrou gooi ŉ toga om, en gaan staan verhoog BO agter die katedertjie. Die man sit ŉ keps op en gaan staan verhoog links – ook agter ŉ katedertjie.

Vrou (in toga – slaan met hamer op katedertjie): Sweer u sal die waarheid praat, die hele waarheid en niks behalwe die waarheid nie, Sê: So help my God.

Man (Verhoog links – as beskuldigde, maar hy pluk sy keps af, en sing vir die gehoor):

**SURVIVOR 2: LIED 1**

Die waarheid is: julle pla my nie
Ek doen net wat ek wil
Julle wette, julle reels skeel my min
Maar ons begin by die begin

My pa was te besig, my ma onbewus
Ek ŉ kind wat dink: dis hoe dit is
Daar was ŉ ander man baie tuis in ons huis
En met tyd was hy die eienaar van my lyf

Maklik om te raai – die groot wiel draai
En ek's nou baas van hierdie plaas
Ek gee vir kinders wat hulle wil hê
Hulle doen presies wat ek sê

Ek druk haar vas en mors met haar lyf
Al se sy nee   - weet ek sy wil dit he
Pa en ma maak haar groot vir my
En ek vat! En vat! En vat! wat ek kan kry

(want) Jy's te besig, jy onbewus
En jou kind dink dalk: dis hoe dit is

(Nou klee elke akteur vinnig – in sig – hul karakteriserende kostuum aan vir die volgende karakters.  Sy ŉ wit jas.  Hy ŉ rooi trui aan.

Die twee akteurs is in gesprek op die verhoog. Hulle neem nie diegehoor in ag nie. Dis volwasse toneel, en hul voer die teks op.

**TONEEL 2**

| | |
|---|---|
| Kenner (vrou): | (Uit die hoogte) Jy wil help? Hoe? |
| Man: | (Sukkel vir woorde) Die mense moet leer hoe. |
| Kenner: | Dis my werk. |
| Man: | So hoe leer jy mense? Leer my. |
| Kenner: | (Lag sarkasties) Dit gaan nie oor jou nie. (Pouse) Het jy tyd? |
| Man: | Ja. Ek het. |
| Kenner: bymekaarkry) | (Verbaas oor hy vasbyt.) Goed – (Terwyl sy papiere ter stawing |
| Man: | Oor wie gaan dit? |
| Kenner: | (Vries – 'n oomblik ingedagte. Draai en stap na 'n pop. Sy vat liefderik aan die pop) Oor hulle. Ons kleintjies. |
| Man: | (Kyk bewonderend na haar. Hy stem saam). |
| Kenner: | Kindermishandeling is 'n misdaad. In 2001 is 5972 sake van Huishoudelike geweld aangemeld. 16 moorde op kinders onder 18 is in Nyanga aangemeld tussen 9 en 11 soggens; 16 moorde in Khayelitsha soggens 6 uur. Wat beteken dit? |
| Man: | Daar's nie 'n polisiestasie in Nyanga nie. |
| Vrou: | Daar is! |
| Man: | Dit maak nie saak nie. Statistiek gaan my nie help nie. |
| Vrou: | Sien. Los die werk vir my en mense wat opgelei is. |
| Man: | Nee, ek weier. As ons kon sou die probleem nie so groot gewees het nie. |
| Vrou: | Sê jy ons is nie goed genoeg nie. |
| Man: | Nee, ek sê julle is nie genoeg nie. Almal moet help, almal kan help. Ons moet net vra. |
| Vrou: | Hoe kan mense wat nie opgelei is nie help. |
| Man: | Ek wys jou. |
| Vrou: | Ek het nie tyd nie. |

Man: Vertrou my. Kom. Ons stel die toneel op. (Hy verdwyn agter boonste katedertjie af. Sy ongelowig nader. Hy wys na waar twee stoele met plat agterkante 'n deurkosyn moet vorm) Die deurkosyn.

**TONEEL 3**

Man: (Nou as goedige middeljarige met hoed, en snor – kom op en nader deur versigtig – klop)

Vrou: (Kyk skepties vir hom, betrek die gehoor, en gaan gooi self agter die kateder 'n ou los trui oor haar skouers). Goed, jy's die loseerder. Ek die arm vrou, met kinders in die huis, geen man nie, en ek het geld nodig om die kinders te onderhou. So ek het adverteer vir 'n loseerder.

Man: (Klop weer. Sy te voorskyn van agter kateder)

Vrou: Ek kom! (Sy's besig met chores) Ek het al met vyf mense onderhoude gevoer, omdat ek so versigtig is, en jy was nommer ses. Jy was die vriendelikste met die beste maniere, en jy't ingetrek.

Man: Jy was afgetakel van die werk om liggaam en siel aanmekaar te hou. Enige aap kon dit sien. (Klop weer.)

Vrou: (Na deur, maak oop, vriendelik) Goeiemiddag. Jy's vroeg terug.

Man: (Baie hoflik) Vroeg klaar gewerk. Die baas sê oor ek so deeglik is, kan ek vroeg loop vandag. Kyk, die foto's wat ek geneem het, het uitgekom. (Hy wys)

Vrou: Oe, het jy foto's geneem van die kinders. Pragtig. My kind is darem fotogenies. (Na agter) Martie, kom kyk die foto's, en eet ietsie. Mamma het vir jou opgeskep. (Vir man) Daar's kos in die oond. (Terwyl man dit als mime – vir gehoor) Kort voor lank was hy nie meer 'n vreemdeling in die huis nie. Om die waarheid te sê hy was 'n groot hulp. Huiswerk gedoen met die kinders. Selfs die bure se kinders het begin inloer. (Man oor na pop. Baie gentle) Daar was een probleem.

Man: (Uit karakter uit) Ag wat man. Jy's so negatief oor alles.

Vrou: Wat ek nie geweet het nie, was hoe jy saans in jou kamer masturbeer het.

Man: Wat's fout daarmee? Dis 'n manier om van frustrasie ontslae te raak. As meer mense dit maar wou doen. En ek is ook 'n mens. Ek het ook 'n vrou gehad – eens op 'n tyd.

Vrou: Met jouself speel is okay. Maar met my dogter se foto in jou hand! En toe … toe jy nie meer bevrediging kon kry uit die

speletjie met die foto nie, het jy reeds besluit die ware Jakob sal dit wees. Jou vark. Jou vark. Jou vark.

**TONEEL 4**

(Hulle verklee weer in hoftoneel kostuum. Sy weer die landdros, maar hy nou aan die ander kant van die verhoog as getuie, met ŉ kierie.)

HY: Ek is net gou huis toe edelagbare, en toe ek by die oop stuk veld verbystap, sien ek hom (hy wys na waar hy netnou agter ander kateder gestaan het) ...

VROU: (As magistraat) Dis nou die beskuldigde?

HY: Ja, edelagbare, sien ek hom uit die veld uit kom, met die dogtertjie aan die hand.

VROU: Was hy nugter?

HY: (doodseker) Ja, u edele.

SY: Wanneer het jy hom laas gesien?

HY: Hy't my help matte lê by my huis.

SY: En daarna?

HY: Ons het so drie biere gedrink. By die sandwal daaragter. Die kinders het daar gespeel. Hy was doodnugter. Ek weet. Ek was by hom. Toes ek na die bure toe.

SY: Toe hoor jy die nuus dat daar fout is. Die beskuldigde het iets aan gevang.

HY: Ek is dadelik na sy huis toe.

SY: Hoe lank is dit na julle die drie biere gedrink het?

HY: Nee, ŉ hele rukkie.

SY: Hoe lank.

HY: (Stilte)

SY: ŉ Lang of ŉ kort rukkie?

HY: ŉ Lang kort rukkie, u edele.

**TONEEL 5**

Magistraat trek toga uit en wit jas aan. Getuie raak ontslae van sy props.

| | |
|---|---|
| SY: | Sien jy die krisis.  As jy nie kundig is nie, mis jy al die leidrade. |
| HY: | Soos wat. |
| SY: | Die getuie erken hulle het gedrink. Hy sê nie hoe lank tydsverloop daar sedert die drinkery en die insident was nie. M.a.w. die verweer van die beskuldigde gaan wees dat hy te dronk was om te weet wat hy doen. |
| HY: | Nee, hulle het drie biere gedrink. |
| SY: | Vroeër  ja.  Die beskuldigde kon aanhou drink het. Wat meer is, is die getuie erken hulle het sit en drink waar daar kinders was. En toe loop hy en laat die beskuldigde daar.  Hy's dalk nog aandadig man. |
| HY: | Hy was nie daar nie. |
| SY: | Hy het saamgedrink daar waar die slagoffers gespeel het, en versuim om hulle te beskerm. Dis nalatig. Dis verwaarlosing. |
| HY: | Hy is ŉ gewillige getuie.  Hy hoef nie te getuig het nie. |
| SY: | Dis nie genoeg nie. Spyt kom te laat. |
| HY: | Jy's hard.  Almal is nie kenners nie. Almal is nie die perfekte getuies nie. Almal het nie al duisende hofsake hanteer nie.  Hy is ŉ man uit die gemeenskap wat bereid is om sy nek uit te steek en iemand wat ŉ kind molesteer het aan die kaak te stel. Al weet hy hy's alleen, en die gemeenskap sal hom dalk ŉ slagoffer maak. Hy waag sy lewe. |

**SURVIVOR 2: LIED 2**

Dis so maklik om te sê: dis ŉ ander ou se job
Iemand anders moet die waansin stop
So vinnig om te kla oor al die misdaad wat ons pla
Sit hande gevou – gee almal anders die blaam
Soveel onnodige seer kan ek en jy dalk keer
En dis rêrig so eenvoudig soos probeer

Soveel mense
Soveel stemme
Soveel meer kans om dinge beter te maak
ŉ einde te bring aan al die seer
wat een en almal raak

Soveel mense
Soveel stemme
Soveel meer kans om dinge beter te maak
ŉ klein bietjie hulp maak ŉ groot verskil

maak ’n kind se lewe weer heel

’n klein bietjie hulp maak ’n groot verskil
maak ’n kind se lewe weer heel

**TONEEL 6**

Vrou: (Terwyl sy weer die truitjie omhang) En die loseerder?

Loseerder: (Hy trek sy kostuum aan) Dis ’n algemene probleem. Kinders maak hulself beskikbaar. Hul is nuuskierig. En ek die volwassene word verlei.

Vrou: Absolute nonsens. Jy’s die grootmens. Jy behoort van beter te weet. Jy moet die voorbeeld stel. As die kind jou “verlei” het, kon jy die volwasse besluit neem, en trek, of my gesê het. Dan was die probleem myne en die kind s’n. Een wat ons saam kon oplos. Maar jy was oneerlik. Jy’t stilgebly vir jou eie gewin. En die kind vernietig. (Sy is in ’n toestand terwyl sy die pop beskermend omarm.)

Loseerder: Mevrou – kyk, ek is die slagoffer hier. Dis ’n ongelukkige sameloop van omstandighede. Ek moes iewers bly. Jy moes ’n loseerder hê. En die kind het te veel van my begin hou.

Vrou: Twak. Jy’s skuldig. Kindermolesteerder.

Loseerder: Dis nie waar ...

Vrou: Jy’t haar verkrag.

Loseerder: Die kind het haar eie lewe ...

Vrou: Jy’t haar lewe verwoes. Omdat jy ’n swakkeling is.

Loseerder: (Hy gryp haar voor die bors.) Jy sal nie weer dit sê nie.

Vrou: Jy kan net jou man staan teen vrouens en kinders.

Loseerder: (Hy klap haar dat sy val)

(Vrou staan op, verwissel kostuum na kenner en vertel)

**TONEEL 7**

Kenner: Hierdie mense is swakkelinge. Hul slegte selfbeeld veroorsaak dat hulle nie normale verhoudings kan hê nie. Hoe gouer mens die persoon stop, hoe beter. Stop hom self. Leer die kind om hom te stop. Berei jou kind voor. Dis die enigste manier. Om na die tyd te probeer herstelwerk doen is dom. Dan’s die skade

| | |
|---|---|
| | gedoen. Die ma beskuldig nou die man. Maar sy moes haar kind beveilig het. Spyt kom te laat. |
| Man: | Dis nooit te laat nie. Sy kan hom steeds by die polisie aangee. |
| Kenner: | Nee, nou't hy reeds oortree. Hy's in die moeilikheid. Hy's desperaat. Hy sal weer oortree. Die slag met geweld. Sy slagoffers sal meer word. Hy kan nie meer omgee nie. Hy sal selfs die polisie dreig, want in die tronk maak hy nou maats met ander kriminele, wat die polsie kan bykom. Nee, hy moes gestop word voor die misdaad. |
| Man: | Hoe stop mens dit? |
| Kenner: | Pas aan by omstandighede. Baie mense woon in 'n huisie met een kamer. Hulle is arm. Almal bad in 'n badjie in die kamer. |
| Man: | (Geskok) Dis onmoontlik. |
| Kenner: | Nee, nie as daar respek is vir almal se regte nie. Goeie bestuur – dis al wat nodig is. Soos enige suksesverhaal – goeie bestuur. |
| Man: | Bestuur? |
| Kenner: | Reël dinge reg. As jou dogter moet bad, is almal buite die huis. En sluit die deur. Niemand moet 'n verskoning hê om te sê die dogter het aanleiding gegee tot die daad nie. |
| Man: | Dis nie prakties nie. |
| Kenner: | Kyk daarna as gesinstyd buite die huis. Speel krieket in die pad saam met die ander kinders. Gesels lekker met die bure. Bespreek die veiligheidsituasie. Bespreek die geduld wat julle aan die dag lê met mekaar. Bespreek die sukses van julle goeie bestuur. Bespreek hoe die ophou suip die hele gemeenskap help met nuwe energie, geduld, en nuwe toekomsplanne. |
| Man: | Jy's reg. |
| Kenner: | Ek weet. Ek het jou mos gesê. |
| Man: | En as almal saamstaan, los ons die probleem op. |
| Kenner: | Regstaan. Nie net saamstaan nie. (Sy gooi toga oor. Hy weer getuie se kostuum) |

**TONEEL 8**

| | |
|---|---|
| Getuie: | Ek kom toe agter hy lieg vir my, en ek gee hom 'n klap. Hy bloei toe al op die kop. Een vrou het hom geslaan met 'n stok. Daar was baie mense. Hulle wou hom doodmaak. |

| | |
|---|---|
| Landdros: | Dis jammer. Vertel verder. |
| Getuie: | Ek is toe by hom verby kamer toe – (hy raak baie emosioneel) en daar lê sy – onder 'n kombersie. Ek het na haar toe gegaan en … |
| Landdros: | Wat het sy gesê? |
| Getuie: | Sy het gehuil. Sy het baie gebewe. Haar oë was so groot. (Hy wys) Ek het haar gevra: het hy jou seergemaak. Sy sê toe ja. Daar was bloed aan haar. Droë bloed. Aan haar bene, en daar … |
| Landdros: | Waar was die man toe? |
| Getuie: | Hulle het hom in 'n kas toegemaak tot die polisie gekom het. |
| Landdros: | Het julle hom geken. |
| Getuie: | Geken meneer, ag – edelagbare. Al twintig jaar. Hy was my buurman. |

**SURVIVOR 2: LIED 3,4,5**

Daar's niks wat ons kan doen as niemand iets sê nie
Niemand het geweet daar's gevaar nie
Daar's niks wat ons kan doen as niemand iets sê nie
Niemand het dit rapporteer nie

Waar was jy toe die kind so seerkry
Gaan soveel pyn jou rêrig verby
Bietjie meer aandag – bietjie harder probeer
Jy kon dalk hierdie onreg/misdaad keer
Daar's niks wat ons kan doen as niemand iets sê nie
Niemand het dit rapporteer nie!

Gesels met jou kind – maak tyd om te luister
Waarheid is dalk in die sagste fluister
Ons kan iets doen as iemand net sê
Dis 'n kind se reg om 'n lewe te hê

**TONEEL 9**

| | |
|---|---|
| Man: | En julle het elke dag met die goed te doen. Ek weet nie hoe julle dit hou nie. Want dis daar. Dis nie op TV of in die koerant nie. Dis die waarheid – hier voor jou. Hier staan die skuldige. Die kind moet getuig. Huil. Dit het regtig gebeur. Dit gebeur die hele tyd. |

Vrou: STATISTIEK: Soveel keer per dag. Op enige manier. Enige triek.

Man: ʼn Pa wat sy dogter verkrag. Bloedskande.

Kenner: Daar’s een erger ding. ʼn Pa wat sy seun gebruik het, en hom aangerand het dat hy gehospitaliseer is. Maar toe hy hoor die seun gaan dalk teen hom getuig, het hy sy eie seun in die hospitaal vergiftig, Hy’s steeds daar – maar breindood. Die gif het sy brein beskadig.

Man: Maar dis saggeaarde mense wat die oortredinge pleeg.

Kenner: Hoe kom jy daarby uit!

Man: Mense wat omgee vir kinders. Hulle is towenaars by kinderpartytjies, hulle is vader Kersfees, hulle samel geld in vir kindersorg deur sê nou maar beertjies te verkoop in restaurante.

Kenner: (Raak geïrriteerd) Jy sien – dis wat ek bedoel. Jy het duidelik navorsing gedoen.

Man: Mens kan nie die veld betree as jy niks weet nie.

Kenner: (Ergelik) ʼn Bietjie navorsing, en daar gaan jy. Dis jou opleiding. Dit gee jou lisensie om in die wêreld te verkondig almal is skuldig. Van nou af is elke towenaar, elke Kersvader, elke goedbedoelende fondsinsamelaar ʼn kinderverkragter.

Man: Dis nie wat ek sê nie.

Kenner: En intussen sit die kind in haar pa e huis en word elke aand verkrag – vir langer as ʼn dekade. Sy word so afgedreig en wysgemaak dis natuurlik; haar ma werk saam – sy’s net so bang. En weet jy wie dring hom elke aand aan haar op?

Man: Die loseerder.

Kenner: Sien jy waar haak jy vas. Nee, nader as dit. In die grootste persentasie van gevalle – veral die oor die lang duur – is dit haar pa. En jy sit ʼn etiket op elke mens wat met kinders werk.

Kenner: Weet jy watter etiket is dit om te dra. Weet jy wat doen kinderverkragters.

Man: As jy wil skok, gaan werk by ʼn koerant..

Kenner: Skok? Omdat ek van die pa praat? So dis alledaags. Almal weet dit – so kom ons los dit.

Man: Dis nie wat ek sê nie.

Kenner: Almal weet mans gedra hul soos varke – so kom ons los dit.

Man: Dis nie wat ek sê nie.

Kenner: Goed – ons los dit. Ons bly by jou loseerder. Og die oom langsaan. En sy maats. As hulle eers hulle hand op die kind gelê het, hou hulle nie op nie. (Vat pop) Die dogtertjie het een lekkertjie by die oom gevat. Toe raak hy aan haar. Hier. (Wys borsies) En hy vra om verskoning. Skuus. Ou meisietjie – ek vat jou lewe – maar ekskuus.

Man: Die realiteit is ...

Kenner: Die realiteit is – die volgende keer gee hy haar weer ietsie, vat aan haar en sê vir haar sy is skuldig, want sy vat lekkers by hom. Die kleintjie eindig in sy huis op, en hy en 'n paar ander mans gebruik haar (sy buig nou die kind –pop agteroor en dui gewelddadig aan waarvan sy praat) Hulle verkrag haar (sy slaan met die hand soos 'n karate-kap op die pop se skaamdele) elkeen van hulle (gee pop vir man) jou beurt – (gryp pop by hom) elkeen kry sy beurt – met 'n kind.

Man: Hoe kan hulle genot put ...

Kenner: Maar die plesier raak op, want dis maar 'n kind wat nie terugpraat nie, so hulle hou haar vas en sny haar vingers af terwyl hulle haar penetreer. (Hierdie laaste woorde kry sy net-net uit voor sy stil in duie stort)

Man: Genoeg. Genoeg. (Hy kan nie na meer luister nie)

Vrou: Jy sien – dit raak ons nie – totdat ons die realiteit besef.

Man: Daai loseerder vark. Met die geld, en die kamera. Hy't foto's geneem daarvan, en dit op die internet gesit. As die meisie geleef het, en tagtig jaar oud geword het, sal sy steeds op die internet 7 jaar oud wees, en sal die varke van dan die foto's geniet. Ek sal nooit die foto vergeet van die meisietjie nie. Sy sit-lê in 'n gemakstoel. Nakend. Sy was 'n mooi meisietjie. Maar op die foto is haar gesiggie 'n bietjie geswel. Blou kringe onder haar oë. 'n Engelekind met die sorge van 'n gepynigde grootmens in haar gesiggie ge-ets. Haar hand teen sy penis – die stuk wellustige vleis; waar hy haar handjie geplaas het, maar op die foto lyk dit of haar hand dit wil wegstoot. Sy sit wydsbeen – waar hy oomblikke vantevore sy sadistiese luste bevredig het. Skuurmerke op haar binnebene. So gewelddadig was hy.

**SURVIVOR 2: LIED 3,4,5**

Daar's niks wat ons kan doen as niemand iets sê nie
Niemand het geweet daar's gevaar nie

Daar’s niks wat ons kan doen as niemand iets sê nie
Niemand het dit rapporteer nie

Waar was jy toe die kind so seerkry
Gaan soveel pyn jou rêrig verby
Bietjie meer aandag – bietjie harder probeer
Jy kon dalk hierdie onreg/misdaad keer
Daar’s niks wat ons kan doen as niemand iets sê nie
Niemand het dit rapporteer nie!

Gesels met jou kind – maak tyd om te luister
Waarheid is dalk in die sagste fluister
Ons kan iets doen as iemand net sê
Dis ’n kind se reg om ’n lewe te hê

Man: Mense wil goed doen. Mense wil die regte goed doen. Maar ons moet geleer word om dit te doen. Laat hierdie die les wees waaruit ons almal leer.

Man: Omstandighede. Die ma moes huishou, werk, die pot aan die kook hou, die rekeninge betaal. Hy was ’n loseerder.....

Kenner: En sy het nie gesien hoe hy die kinders pamperlang nie?! Hoe hy van vreemdeling homself evolve – lekker with it woord nè; homself evolve in bekende gawe ou Oom lekkerkry. Met sweets en praatjies en help met huiswerk. Kry dan ’n loseerder in, maar weet dis onnatuurlike omstandighede, en wees permanent op jou pasoppens. Jy leef op ’n tydbom. (Wil weer in vrou emosie verval) En ’n hospitaal genees dalk die seerkry tussen die bene, maar nie die seerkry hier binne (Wys bors) nie. Hier (Wys kop) nie.

Man: Dit moet die ergste wees.

Vrou: Daar’s baie. Jy wil nie weet nie. Jy weet hierdie het helder oordag gebeur, nè. Die ma was voor die TV. Kleintjie het lê en slaap in ma se bed. Die loseerder het in die slaapkamer ingegaan, die deur gesluit, en sy het wakker geword van iemand wat lek tussen haar bene.

Man: (Spring op en hardloop af. Kots)

**SURVIVOR 2: LIED 3,4,5**

Daar’s niks wat ons kan doen as niemand iets sê nie
Niemand het geweet daar’s gevaar nie
Daar’s niks wat ons kan doen as niemand iets sê nie
Niemand het dit rapporteer nie

Waar was jy toe die kind so seerkry
Gaan soveel pyn jou rêrig verby

Bietjie meer aandag – bietjie harder probeer
Jy kon dalk hierdie onreg/misdaad keer
Daar’s niks wat ons kan doen as niemand iets sê nie
Niemand het dit rapporteer nie!

Gesels met jou kind – maak tyd om te luister
Waarheid is dalk in die sagste fluister
Ons kan iets doen as iemand net sê
Dis ’n kind se reg om ’n lewe te hê

**TONEEL 10**

Kenner: En wat dit moeilik maak is die mense wat hulself uitgee as kenners.

Man: Daar begin jy weer. Ons het mos besluit almal moet help.

Kenner: Hoekom wil jy so graag help.

Man: Dis my plig.

Kenner: Hoekom weet jy van jou plig.

Man: Almal weet.

Kenner: Twak – dis waaroor ons praat. Dat almal nie weet nie.

Man: (Stilte)

Kenner: Toe. Die waarheid.

Man: Niks wat mens beter skool as eerstehandse ervaring nie.

Kenner: Toe. (Stilte) Jy moet praat. Jy verkondig hier mense moet hieroor praat. Mense moet die waarheid aan die publiek bekend maak. Mense moet hulself offer. Sodat die dinge aan die wêreld bekend kan word. Stel die voorbeeld. Dis wat jy wil bereik.

Man: (Versigtig, nadat hy gaan sit het in die middel van die speelarea – voor) Myne het begin toe ek ’n baba was. My pa het hom maar altyd soos ’n vark gedra. Kyk – almal het van hom gehou, want hy was charming. Maar by die huis was hy iets anders.

Kenner: Abusive.

Man: Hoe weet jy?

Kenner: As mens in die veld werk – selfs net uitkyk vir die tekens, leer jy dit gou ken. Daar is net soveel soorte mense. Vertel.

Man: My pa het grootgeword met baie spanning in sy huis. Sy pa was so kwaai. En dit het hom senuwee-agtig gemaak. Tussen mense het hy rustig opgetree, maar by die huis het al die spanning na vore gekom. Hy't op my ma geskel, en haar geslaan. Weet jy hoe dit voel. Om as klein kind in ŉ hoekie in die kamer op die vloer te sit, en te hoor hoe gooi jou pa jou ma teen die mure.

Kenner: Nee.

Man: En as hy my daar sien sit het – sit en bewe, het hy sleg gevoel, maar hy kon dit nie verwoord nie. Hy kon dit nie sê nie. Dan het hy woedend geword. Omdat ek hom laat sleg voel het. Hy't my die skuld vir als gegee. Gesê dis oor my wat my ma so hardegat is.

Dan skerm my ma vir my. Dan slaan my pa haar weer. Stuur my kamer toe. Slaan my met ŉ belt (Hy slaan die pop met ŉ belt) met ŉ gespe aan die punt – oral oor my lyf. Skeur my klere van my af, (Smyt pop hoek toe pop die vloer) en laat my kaal in die kamer sit met die deur toe – vir lank.

Kenner: (Tel pop op) Dan voel hy sleg en laat jou uitkom en vra om verskoning?

Man: (Gryp pop en smyt hom weer neer) Nee, hy los my daar vir twee

dae.

Kenner: (Geskok) En jou ma, Wat maak jou ma?

Man: Sy wil help, maar as sy dit doen, rand hy haar aan. Hy skree vir haar: ek bring die geld in hierdie huis in. Ek sal julle kraantjie toedraai, en dan sien julle julle gat. Wat sal jy dan doen. Gaan hoer op die straat vir geld? Vir jou en jou seuntjie?

My ma is so bang hy maak my weer seer; sy kan nie eers die dokter bel om na die gate in my lyf te kyk nie. Sy mag nie in my kamer inkom nie. Sy kan nie vir my kos vat nie. Vir dae.

Hy gaan uit die huis uit, maar hy probeer haar uitvang dat sy my help. So sy probeer help, maar kan nie.

Kenner: (Raak toenemend opgewerk) Magtag man. Dis teen die wet. Jou ma moes die owerheid laat weet het. Die polisie.

Man: (Sag en stukkend) Hy verbied haar om met my te praat. As ek uit die kamer mag uitkom, en aangaan met my "lewe", mag sy nie met my praat nie. Hy ook nie. Hy praat nie met my nie. Ek sit daar, kom en gaan, maar ek is onsigbaar. En dit is seerder as enige van sy houe. (Snikke) Weet jy hoe baie was ek al lus en word soos hy. Slaan aan mense. Moor. Dat ek myself kan

|  |  |
|---|---|
|  | laat geld.  Beter kan voel. Kan voel ek is iets werd. Ek het iemand gebliksem. |
| Kenner: | Dan is daar ander maniere. Soos om te  praat met mense wat kon help. Maatskaplike werkers.  Laat hulle in jul sake inmeng. Kastig self agterkom daar's fout. Of die skoolhoof. Laat hy inmeng.  Laat hy die polisie kry.  Om so iets te verswyg is erger as enige iets. So 'n saak moet aandag geniet, sodat die vark – ekskuus – hy was jou pa, maar – dat so iemand genees kan word.  Dat hy uit die stelsel gehaal word, en hulp kry. |
| Man: | (STIL) |
| Kenner: | Ek is jammer. Ek weet dis maklik om te praat. Maar daar is maniere. |
| Man: | (STIL) |
| Kenner: | Goed – ek weet wat jy sê.  En ek moet met jou saamstem. Dis maklik om te praat.  Maar wette maak niks.  Die enigste manier is as die gemeenskap deelneem.  As die ouers weet om dop te hou vir sulke atrocities. As die kind self weet hy mag nie so behandel word nie. As die kind weet hy kan kies. |

**SURVIVOR 2 : LIED 6**

Ek was onseker
Maar het geweet iets is verkeerd
(LEER MY)

Ek het besef ek moet praat
Oor hoe my pa met ons maak
(LUISTER NA MY)

Al was ek klein is ek ook mens
Wat net geluk wil hê
(RESPEKTEER MY)

Ek was bang – ek was klein
Wou hê die donker moet verdwyn
(BESKERM MY)

Liefde en tyd – 'n kind vra so min
GEE OM VIR MY

LEER MY
RESPEKTEER MY
LUISTER NA MY

GEE OM VIR MY
BESKERM MY
LUISTER NA MY

LEER MY
RESPEKTEER MY
LUISTER NA MY

GEE OM VIR MY
BESKERM MY
LUISTER NA MY (repeat …)

**TONEEL 11**

LOSEERDER: (Het vrou voor die bors.) Ek betaal huur hier. Jy skryf nie vir my voor nie. Nie oor daai uittartende kind nie.

VROU: (Ruk los) Haal jou hande van my af. Nou luister jy vir my. Hier gedra jy jou. Ek sou jou nog laat bly het as jy by die reëls kon bly, maar trap. Vat jou tas en los die foto's. Een aand se slaap by die polisiestasie in die selle – waar die kriminele mese soos jy HAAT, en jy vat nie weer aan 'n kind nie. Maar ek sal jou dophou pellie. Jy is te lig in die broek om enige iemand se lewe op te mors. Jy en jou soort. As jy weer so 'n GEDAGTE in jou kop kry, raak ontslae daarvan. Jy is nie wat jy dink nie; jy is wat jy doen.

**TONEEL 12**

Landdros: Ek lewer uitspraak oor die saak van twee verkragtings van kleuters. Die bevinding van die hof is as volg. Alhoewel getuienis teen die beskuldigde verdoemend bly te wees, het die getuienis voor die hof as volg bevind: die klaer erken het hy het gedrink saam met die beskuldigde. Ure later eers het die insident plaasgevind. Die wenslikheid is dus groot dat – alhoewel die hoofgetuie die toneel verlaat het, die beskuldigde sy drinkery daar kon voortsit, en dus nie ten volle vir sy dade aanspreeklik gehou sal kan word nie.

Die skulderkenning van die beskuldigde word ook bevraagteken, aangesien die hoofgetuie self erken het dat die beskuldigde aangerand is deur hom, sowel as deur lede van die gemeenskap. Sy skulderkenning is dus onder dwang gedoen.

Allerlei getuienis wat gelei is, dui daarop dat verskeie lede van die gemeenskap onder die invloed van alkohol was. Nie alleen is getuienis onder hierdie omstandighede ongeloofbaar nie – die soeklig kan dalk selfs op van die ander lede van die gemeenskap val as beskuldigdes in die saak.

Die feit dat die hoofgetuie saam met die beskuldigde in die publiek, ten aanskoue van kinders gaan sit en drink het, kan selfs daartoe lei dat die getuie as deels aandadig in die daaropvolgende gebeure beskou kan word.

| | |
|---|---|
| | Die appel aansoek van die beskuldigde moet dus toegestaan word onder hierdie hoogs betreurenswaardige omstandighede. |

**TONEEL 13**

| | |
|---|---|
| Man: | (Haal sy kostuum af) Maar dis onregverdig. |
| Kenner: | (Haal ook kostuum af) Nee, dit is nie. Die wette van die konstitusie beskerm jou en my ook teen vals aanklagte. En hierdie insident wys jou – die gemeenskap moet verantwoordelik optree. Die toekoms is in ons hande. |
| Kenner: | En ons moet leer die oplossings lê nie in konfrontasie nie. Nie in baklei nie. Mens volg die regte kanale. Dat mense wat opgelei is om te werk met sulke probleme dit hanteer. Die gemeenskap snuffel dit uit, en gee die gesag oor aan die bekwame mense. Daar's mense wat die wet in plek sit. As hulle kan. |

**TONEEL 14**

| | |
|---|---|
| Kenner: | Kyk – ons kan nie verwag almal moet alles vir ons doen nie. Ons moet self rondkyk wat ons kan doen. Om mishandeling van kinders te staak, nè. Om die drankmisbruik te staak – né? 'n Man is 'n ou wat nie drink nie. Wat respek vir vroue het, al is hul hoe kwaai. 'n Man se respek sien jy in hoe hy homself gedra, al is hy kwaad. 'n Man los nie probleme op met baklei nie. |
| Man: | Lyfstraf. Een van my navorsingstukkies is oor die pa wat sy seun nie kon help nie. Al het hy hom hoé geslaan, die kind was 'n gewoontemisdadiger – in en uit die tronk. Toe gee iemand die pa raad, en daarna is die seun se probleem opgelos, en bewandel hy die reguit paadjie. |
| Kenner: | (Sarkasties) Wat het jou navorsing gewys was die oorsaak? |
| Man: | Die advies was die pa moes die seun ophou slaan. En 'he has never been in trouble since I stopped beating the child, man.' Dis oppie internet. Jy kan gaan kyk. |
| Kenner: | So wat beteken dit? |
| Man: | Wette en skellende, skreeuende ouers en mense sal nie die probleem oplos nie. Dis maar 'n teken van senuwees. Ons is verskree, so nou skree ons. Dalk is ons bang ons kom in die moeilikheid oor die kinders. Nou skree ons van die skrik en verskrikking. En hulle skree. Ons suip, en hulle suip. Ons slaan, en hulle slaan, ons leer geweld, ons leer hulle geweld. Uiteindelik kan ons nie aanspraak maak op 'n gesonde |

gemeenskap nie, want nie en van ons wou dit skep nie. Laat die beskuldigde die eerste wees wat besluit om sy eie slegte gewoontes te laat staan, sodat hy die eerste ware man kan wees wat sy medemens respekteer.

Kenner: Die konstitusie ondersteun jou. Artikel 10 hierso sê 'n kind het – soos elke mens – 'n inherente menswaardigheid en die reg om hierdie menswaardigheid beskerm en respekteer te sien.

Artikel 28 sê 'n kind maak aanspraak op die geborgenheid van die gesin en ouers, voeding, beskutting. En om beskerm te word teen slegte behandeling, verwaarlosing, mishandeling, en aftakeling.

Man: Dis tog nie moontlik dat daar wette moet wees teen sulke afgryse nie?!

Kenner: Dromer. Wie dink jy gee om vir kinders. Wie gee om vir grootmense?

Man: Nee, mens is nie so pessimisties nie.

Kenner: Mens is. As jy al gesien het wat ek gesien het.

Man: Nog nie dan ook nie. Is dit nie deel van die voorbeeld wat ons aan ons kinders moet wys nie. Om positief te wees. Praat oor dinge wat pla, maar stel altyd die positiewe sy van die saak. Die gemeenskap is nie so siek nie.

Kenner: 'n Pa misbruik sy kind en vergiftig die kind. Die kind is nou breindood. 'n Gesonde gemeenskap?

Man: Watter voorbeeld wil jy vir jou kinders stel? Om bitter te wees of gelukkig?

Kenner: 'n Onderwyser pers sy leerlinge af: hulle sal nie slaag as hy nie gunsies by hulle kry nie – seksuele gunsies. Leerders verkrag meisies – in die gange van die skool.

Kansvatters leer hul pasiënte – seksuele omgang met 'n klein baba sal jou genees van HIV VIGS. Talle engelekindertjies word in hospitale opgeneem – oopgeskeur van voor tot by die anus. Die binnegoed aan flarde geskeur. Die kind 'n sielkundige en fisiese wrak vir altyd. Die oortreder – onnosel en half mens, half dier – wat reeds die siekte het weens losbandigheid, is steeds siek, en verdien in elk geval nie om te leef nie.

Hy behoort eintlik aangehelp te word. Skiet elke kniekop af. Hang hom op aan sy geslagsdeel.

Man: Juis nie! Dis juis waarteen ons preek. Om nie onnosele keuses te maak nie. Om nie reg in eie hande te neem nie.

Kenner: Jy's reg. Die reg moet sy loop neem. En ons moet doen wat ons weet REG is. En dit vir die kind leer.

Man: In 'n neutedop – hoe los ons die probleem op.

Kenner: Leer die ouers dat die kind regte het. Leer die ouers jy kan jouself nie respekteer as jy nie die gemeenskap se kinders kan respekteer nie. Jou eie kind nie. Your Child is my Child. And keep your Hands off our Children.

Man: En vertrou jou kind. Sien die tekens by jou kind raak – deur tyd met hulle te spandeer. Net twintig minute op 'n dag. As die kind wil praat oor iets – luister. Vertrou die kind se opinie. Laat die kind iets werd voel. Jy's nie die hoofrol in die lewe nie. Die kind is.

Kenner: Maar jy kan die held wees. Deur iets aan die probleem te doen. Leer die kind. Steun die kind. Hou dop vir die oortreders in die gemeenskap. En gee hulle aan, dat hulle behandeling kan kry, voor hulle die kind vergiftig om uit die moeilikheid te bly.

Man: Hoe weet mens.

Kenner: Dis maklik. Die kind sê iets soos: "Mamma, suig my toti." Die gevaarligte moet helder flikker. Dis logika. Kyk in jou kind se oë. Alles is daar. Net twintig minute per dag.

**SURVIVOR 2 : LIED 7**

Kom ons stop die probleem onmiddellik
Leer ons kinders wat is reg en verkeerd
Maak seker hulle weet wat hulle regte is
Vir hulle tyd en aandag en liefde gee

LEER MY
RESPEKTEER MY
LUISTER NA MY

GEE OM VIR MY
BESKERM MY
LUISTER NA MY

Kom ons stop die probleem onmiddellik
Stop die ou wat die wet oortree
Hoe durf jy 'n kind sy lewe ontneem
Daar's ook hulp wat jy kan kry vir jou probleem

SOVEEL MENSE
SOVEEL STEMME

SOVEEL MEER KANS OM DINGE BETER TE MAAK
’n KLEIN BIETJIE HULP MAAK ’n GROOT VERSKIL
EN DALK ’n KIND SE LEWE WEER HEEL

Kom ons stop die probleem onmiddellik
Voorkoming is die enigste manier
Uitstel vir nou of dalk eendag praat
Eendag is dalk en tien-teen-een te laat

LEER MY
RESPEKTEER MY
LUISTER NA MY

GEE OM VIR MY
BESKERM MY
LUISTER NA MY

LEER MY
RESPEKTEER MY
LUISTER NA MY

GEE OM VIR MY
BESKERM MY
LUISTER NA MY (repeat …)